V: Nou het jy 2 goed gesê, waarom ek iets wil vra. Oordeel gou vir my tussen die twee. Een – julle het nie entertainment nie – ek hoor dus iets van sosialiseer met ander mense; en Twee: Inligting. As jy nou die twee woorde moet vat: Inligting en Sosialisasie, wat sal jy sê is jou eintlike behoefte as jy na 'n FB blad toe gaan?

A: In Suid Afrika, definitief nie sosialiseer nie. Definitief inligting. Uit Saudi, omdat ek daar sit en vêr sit is dit sosialisering en inligting.

V: Eredienste – daar is seker nie kerke in Saudi nie?

A: Nee – daar is glad nie.

V: Het jy enigins 'n behoefte gehad om iewers 'n kerk of erediens by te woon?

A: Ja ... ons vat nogal video's van die eredienste hier in Hospitaalpark saam en kyk dit. Daar is Christene in Saudi, meestal Filippyne, maar hulle is Katoliek. Dit is nie eintlik die probleem nie, maar dan het ons al saam met hulle na hulle huiskerk gegaan, maar dan is dit in hul huistaal. Dan moet hulle dit in Engels doen, wat vir hulle ongerieflik is. Omdat daar so min Afrikaners is, is dit ons enigste opsie, maar ons voel dat ons hulle dan verontrief. Hulle is baie nice, en hulle is bereid om dit te doen, maar ons voel tog sleg – wie wil nou 'n diens in jou tweede taal hê? Daar is 80 mense en net ons tweetjies en dan moet hulle nou in Engels kerk hou... Ek kan dus nie sien hoekom 'n kerk nie via FB of What-app vir jou iets in jou taal kan doen nie.

V: X, jy raak nou 'n ander punt daar aan. Het jy behoefte om kerk in jou huistaal, Afrikaans, te hê?

A: Vir seker. Daar is min Afrikaans-sprekende mense daar, maar ek skakel in by 'n Bybelstudie groepie van Amerikaners, maar dis nie jou huistaal nie. Dit sou lekker wees om Afrikaans te kan praat.

V: Enige voorstelle of wenke. Wat is dit wat jy graag sal wil sien op 'n gemeente se FB Blad?

A: Seker hulle projekte wat hulle aanpak ... ek weet nie of 'n mens 'n hele preek op 'n FB Blad kan plaas nie... hulle aktiwiteite, hulle program.

2 O2.rtf

Text document, 27 quotations

V. Hoe aktief is jy op Facebook?

A. Weet jy, ek is... sê nou maar soggens as eke et, dan lees ek gou e-posse end an gaan ek gewoonlik ook in op FB ... eintlik om te kyk of daar boodskappe vir my is... en om kontak met vriende te kan hê. Partykeer dan vang ek my, dan is dit al oor 'n uur, dan is ek vies vir myself.

V. OK, wat ek dus eintlik vir jou vra, is wat doen jy op FB. Forward jy ander ouens se boodskappe, post self of volg net ander mense – wat doen jy op FB?

A. Ek forward niks nie. Ek haat dit om te share. Nee, as dit iets is wat geforward moet word, dan is dit iets wat ek self geskryf het en ek plaas dit op ander sites. Byvoorbeeld, ek kyk heelwat op die valskerm sites, omdat ek nou daarby betrokke is.

V. Waar ek jou die eerste keer werklik raakgesien het, was op die gemeente se FB blad, in die tyd toe jy in Afrika was. Hoe het jy die blad ontdek, hoe het jy by ons uitgekom?

A. Ek kan nie eintlik onthou nie... ek dink ek het hom gesien onder Langenhovenpark gemeente toe ek dit gesoek het... end it was vir my 'n kommunikasie, 'n connection... om te sien wat in die gemeente aangaan en insae te lewer en ... ja.

V. Jy het nou gesê dit was vir jou 'n connection met die gemeente – brei vir my 'n bietjie uit – het dit vir jou iets beteken toe jy vêr weg was.

A. Ja. Dit was vir my goed om te sien wat in die gemeente aangaan, wat die gemeente doen ... as daar 'n basaar ... of ouens wat 'n dagstukkies plaas, of 'n motiverende word gespreek het ... gemeente aktiwiteite.

V. As jy nou moet kies tussen twee woorde – Wat is dit wat jy op FB gesoek het – inligting, met ander woorde wat gaan aan, of is dit meer sosialisasie – ek wil hoor wat in ander ouens se lewens aangaan?

A. Inligting oor die gemeente. Nie oor wat in ander mense se lewens aangaan nie ... buiten nou as dit my interesseer, byvoorbeeld toe R se meisiekind getrou, dan stele k belang om te lees wat in sy lewe aangaan...

V. En nou dat jy weer terug is. Is dit vir jou anders – in jou gebruik van FB – nou dat jy terug is, as toe jy daar was?

A. Ja, dit is vir my anders. Nou kan ek self goed sien, of ek kan self oor goed praat, of iemand bel as ek iets wil hoor. Ek kyk nog so nou end an op die site, as R of jy, of iemand iets plaas, maar dis nou maar selde...

V. Toe jy daar ander kant was – het jy ooit behoefte gehad om 'n erediens by te woon – of kom ek vra eers – was daar so iets – was daar 'n kerk waar jy byvoorbeeld eredienste kon bywoon?

A. Ja – in Frans... en dit was 'n ontsettende lang diens... So ja, daar was 'n behoefte.

V. As 'n mens op FB iets sou kon aanbied, wat jou laat voel jy is rerig in 'n kerk – so dit vir jou iets kon beteken?

A. Nee....

V. So jy sou nie belangstel nie?

A. Nee, ek sou ook nie so sê nie. My kinders skel my gedurig uit... hulle sê alles is daar – maar ek is nog versigtig. Ek is op FB, maar is versigtig vir die internet.

V. As ek terugkom by ons gemeente se Fb. Afrikaans of Engels?

A. Afrikaans. Vir seker, want dis my taal. As mense, my vriende Engels op FB praat, is ek op die daad omgekrap. Dis asof menses oms skaam is vir hul taal. Kerkgewys... ek lees nie eers as dit Engels is nie. Seker verkeerd van my, maar ek dink ek het die reg om 'n keuse te maak.

V. Jy sê nou kerkgewys ... is daar vir jou 'n verskil tussen wanneer dit van 'n kerk is of wanneer dit van 'n besigheid is.

A. As ek 'n ou nader en hy is Engels, sal ek oorgaan in Engels. Maar as hy my nader, kerk of besigheid, moet hy my taal praat. Ek het in die buiteland 'n diens,... een, in Engels bygewoon. Dis vir my 'n hoogdrawende taal. Nee besigheid, kan jy nog met jou woordeskat speel, maar as dit by kerk kom – Afrikaans.

V. Laaste, sommer net 'n oop vraag. Enige iets wat jy wil sê – wenke of voorstelle oor Facebook en spesifiek die kerk se FB.

A. Weet jy – ek weet nie. Ek is nie werklik so aktief op FB nie. Trouens, FB is nie eens op my selfoon nie. Ek gaan net in as ek by die huis is, op my rekenaar. As ek my e-posse deurgaan, dan gaan ek ook gou in op FB en kyk watter boodskappe daar is. Kerkgewys – dis lekker om by die dominee te hoor waaroor hulle gaan preek of wat by die mannebediening aangaan. Dit laat my ingelig en deel voel.

Ek wil nie amptelike inligting, soos finansies, kerkraadsvergaderings, sinodebesluite op FB sien nie. Dis amptelike goed – FB is sosiale media en die twee moet nie gemeng word nie. Dis social media – dit gaan oor kontak met vriende.

3 O3.rtf

Text document, 26 quotations

V. Hoe lank is oom al aktief op FB?

A. Al baie lank... dis maar die kinders wat goed vir jou stuur, maar ek sal nie sê ek is baie aktief nie – dit vat net te veel tyd om alles deur te gaan. Ek kyk dus net na goed wat vir my relevant is.

V. Wat is vi room relevant – na watter tipe boodskappe gaan kyk oom?

A. Hoofsaaklik kontak met my familie. Ek doen die meeste van my besigheid oor die internet, maar nie op FB nie, want dis nie privaat nie – dis een van die probleme wat ek met FB het. Ek hou nie daarvan nie – 'n mens hoor deesdae ook soveel goed op die nuus oor wat mense gesê het op FB – wat dan net probleme veroorsaak.

V. Was oom al ooit op die kerk se FB blad?

A. Ja, ek gaan kyk gereeld en neem kennis, maar ek skryf nou nie self iets daar nie. Ons is darem so naby – as jy iets wil weet, dan gaan jy maar kerk toe en gaan hoor daar.

V. Wat sou oom graag op 'n kerk se FB blad wil sien?

A. Man, op die oomblik voldoen hy vir my aan dit wat 'n mens wil weet, want jy kan jou plaaslike kerk se afkondigings en dit wat plaasvind daar kry.

V. Toe oom nou so siek was, was oom minder in die kerk...

A. Ek is nog steeds min in die kerk, agv die infeksies ens.

V. Dink oom daar sou 'n ruimte kon wees, dat 'n mens op sosiale iets kon beleef van die saamwees, wat 'n mens mis as 'n mens nie meer fisies by die kerk kan kom nie?

A. Ja, ... maar weet jy, dit wat ek eintlik mis is die persoonlike kontak met die mense, ... as jy in kom in die kerk en jy groet die mense in die blok waar jy gewoonlik sit en 'n mens praat so bietjie oor en weer... ek mis dit.

V. As daai selfde ouens dit nou op FB kan doen, sou dit iets beteken?

A. Ja, ek dink so, maar ek het 'n probleem. Ek kom nie altyd so gereeld op FB nie en dan voel ek skuldig as ek sien iemand het al 'n paar dae terug vir my gevra hoe dit gaan. Ek ervaar FB positief, as ek byvoorbeeld met my dogter-hulle in Amerika praat en ons het as te ware 'n gesprek...

V. Terwyl ons nou so praat oor wat oom op FB doen... as oom dit nou in een woord moet opsom, sou dit wees: inligting soek, of sosialisasie?

A. Wat die kinders ... familie... betref – sosialisasie, maar andersinds – inligting. Aan die ander kant, die inligting wat ek daar kry – dit weet ek al reeds, want jy gesels met jou goeie vriende en hulle hou jou op hoogte... jy het ook 'n telefoon, al is dit vir my bietjie onpersoonlik.

V. 'n Laaste vragie. Die gemeente se FB blad – Engels of Afrikaans?

A. Man, verkieslik Afrikaans, maar dit sal vir my om te ewe wees.

V. Hoekom sê oom verkieslik Afrikaans?

A. Ag dis maar 'n mens se spreektaal. Dit sou nie aan my saak maak as dit Engels is nie, maar Afrikaans is maar my eerste, eie, natuurlike verwysingsraamwerk. Dis my eie taal.

V. Enige laaste slotopmerking oor sosiale media en die kerk?

A. Weet jy Leon, ons het..., ek kan nie vir jou sê hoeveel CD's van preke, ons het nie, waarvoor 'n mens geweldige waardering het. Aangesien ons nou nie meer elke dag by die kerk kan uitkom nie, is dit vir my wonderlik as 'n mens dit na die tyd kan kry. Daardie goed is vir 'n mens baie waardevol. Al kon ek nie self daar wees nie, laat dit jou tog ervaar dat jy deel is.

4 O4.rtf

Text document, 14 quotations

V. Jy kon nou en dan op FB?

A. Ja.

V. Wat is dit wat jy op FB doen?

A. Die hoofrede waarom ek op FB kom, is maar om te sien wat die familie doen... En dan ook baie op “Blad X” waar ek op skool was. Dis interessant om oor die mense wat ek ken of geken het, iets te hoor. Toe ek byvoorbeeld een oggend FB oopmaak, toe sien ek dis die tannie wat ons bibliotekaresse was se 90ste verjaarsdag... Daar was op 'n slag mense wat 'n foto van my pa met die perde op FB gesit het, wat vir my weer aan die onthou kant iets beteken het. Dit gaan dus maar oor ... ek wil dit nie nuuskierigheid noem nie ... om te sien wat aangaan in ander wat jy ken se lewens. Om te onthou...

V. Jy het nou die woord “onthou” gebruik. As ek twee begrippe kan gebruik: Inligting soek” of “sosialiseer”, wat sal jy sê beskryf meer dit wat jy op FB doen?

A. Ek wil amper sê: sosialisasie – dit gaan meer oor sosialisasie.

V. Hoe gereeld, naastenby, gaan jy in op FB?

A. O, nee genade... kom ons sê een keer elke 6 weke – nie gereeld nie.

V. En kyk jy ooit na die kerk se FB blad?

A. Net as ek weet my seun het iets geplaas, maar ek het al baie gedink en wil meer daar uitkom...

V. Hoekom, hoekom wil jy meer daar uitkom?

A. Omdat ek agtergekom het daar is inligting daarop, wat ek dalk nodig het. En ek kan daar inligting kry, makliker as op ander plekke.

V. Maar sou die meeste van die goed wat jy daar sien, nie maar Sondae by die kerk beskikbaar wees nie?

A. Dit gaan Sondae daar wees, maar ek wil amper sê dis 'n addisionele bron.

V. Sê nou maar dit gebeur dat jou vir die volgende ses maande in die huis vasgekluiser is met siekte of jou baas stuur jou om elders in die buiteland aan 'n oudit te gaan werk... dink jy dat jy dan meer deur FB kontak met die gemeente sou probeer hou?

A. Nee – dan sou ek definitief baie meer van die rekenaar of FB gebruik wou maak om kontak te behou.

V. Sou dit dan net wees om inligting te verkry of sou dit tog kon help om jou te laat ervaar dat jy steeds deel is van die gemeente?

A. Ja, ek dink definitief so, want jy gaan.... kontak behou met gebeure. Ek sal op die rekenaar kan gaan en sien hoe het dit met die uitreik gegaan, hoe het die kerssangdiens verloop... sodat ek darem nogsteeds iets van 'n ervaring kan hê van wat in die gemeente aangaan. Ek dink FB sal vir my 'n lyn kan trek deur die gebeurtenisse, sodat ek op 'n manier nog kan deel voel.

V. Iets waaroor ek ook wonder, is taal. Watter taal sou jy verkies?

A. Ek sou Afrikaans verkies.

V. Hoekom, Engels is tog die internasionale taal...

A. Omdat ons 'n Afrikaanse gemeente is, sou ek sê, en alhoewel ek niks teen Engels het nie, voel dit vir my asof Afrikaans sy vastrapplek in die sakewêreld, wetenskapswêreld en universiteits wêreld verloor... en ek wil nie Afrikaans nou ook nog weggooi uit die kerk nie.

V. 'n Laaste vragie – sommer so oop een. Enige iets wat jy wil sê oor sosiale media, FB?

A. Kyk, die rede waarom ek nie so gereeld op FB is nie, het te make met my eerste ervarings van FB met mense wat overboard gegaan het. Jy kan nie gaan kuiers nie, want hulle is op FB. Jy kan nie gaan teedrink nie, want hulle is op FB. En dit het toe vir my 'n bietjie van 'n slegs smaak in die mond gegee, en nou deesdae hoor jy van so baie mense wat in die moeilikheid kom oor goed wat hulle op FB gesit het, sonder om te dink. Daarom is ek nog so bietjie agter met FB.

V. As jy wel op FB gaan, rekenaar of foon.

A. Rekenaar, want ek is nog bietjie te dom met die foon.

5 O5.rtf

Text document, 16 quotations

V. Hoe lank is jy al op FB?

A. In 2007, my eerste jaar, het ek my profiel geskep.

V. Hoe gereeld gaan jy in op FB?

A. Dit wissel... meestal daaglik, veral met my werk – dit noodsaak my om op FB te gaan, want ek admin 'n paar blaai. Maar so 'n paar weke terug, het ek byvoorbeeld in 'n hele week, nie een keer op FB gegaan nie. Maar toe ek terugkom het ek oor 'n honderd notifications.

V. Wat is jou voorkeur sosiale media?

A. My voorkeur is definitief FB... dit hang nou natuurlik af van wat jy beskou as sosiale media. WhatsApp is tegnies seker ook sosiale media, en ek gebruik dit baie, baie meer, maar ek beskou dit as 'n messenger app en nie as sosiale media nie.

V. As jy in 'n sin of twee moet sê: waarom gebruik jy sosiale media?

A. Ek gebruik dit as 'n nuus bron, onder andere.... want baie mense share nuus daar. Om te sien wat my vriende doen, waar hulle is, wat hulle aanvang... Ek gebruik dit nie om.... my vriende wat ek belangrik ag, wil ek eerder persoonlik kontak en persoonlik mee gesels, maar FB is 'n lekker tool om te sien wat hulle aanvang, en dan wat ek ook van hou om dit te gebruik, of besig is om in plek te kry – jy kan jou posts so opstel, dat jy FB as 'n tipe joernaal gebruik. Dan kan jy teruggaan en kyk na fotos, na albums wat jy opgelaai het.

V. Jou laaste gedagte was vir my interessant. Maar in die eerste twee het jy die twee hoofkategorieë genoem, waarom mense op sosiale media gaan. Sosialisasie of inligting. Uit hierdie twee, wat sal jy sê is jou hoofrede?

A. Sjoë.... ek het nooit so daaraan gedink nie. Ek dink dit is seker maar sosialisering... want ek kry 'n notification – iemand het gecomment op 'n post van my of 'n foto waarin ek was. Dan gaan ek in Facebook en daarna scroll ek deur al die newsfeeds om te sien wat share ander mense. Ek lees nie alles nie – ek gaan net vinnig daaroor, maar as ek iets sien wat interessant of nuuswaardig is, dan sal ek daarna kyk.

V. En share jy dan weer verder?

A. Ek share nie sommer nie.

V. As dit kom by die kerk se FB blad, dan vra ek die selfde vraag: Sal jy soontoe gaan om te sosialiseer of om inligting te kry?

A. Inligting!

V. Het jy al ooit iets van sosialisasie daar ervaar?

A. Op die kerk se FB blad? ... Ja, tot 'n mate toe. As daar iets gepost word en mense comment daarop, dan ervaar ek iets van sosialisasie, maar ek dink 'n page en die kerk se page is meer inligting gedrewe.

V. Kom ons sê nou jy kom iets oor, met die gevolg dat jy hier in die huis vasgekluiser is vir 6 weke. Jy kan dus nie kerk toe gaan. Dink jy sosiale media sou vir jou iets kon beteken, in die sin dat jy voel jy is nog deel van die gemeente?

A. Ek hou maar van mense... maar ja, tot 'n mate, want ek sal kan sien wat aangaan, maar ek weet nie of ek sal kan deel voel nie... Daar sal 'n aktiewe sosiale media campaign moet wees ... hulle sal vrae aan my moet vra, sodat ek moet reageer. As ek persoonlike boodskappe kry, sal dit vir my iets beteken, maar om net posts te sien, sal my nie rereg laat deel voel nie. Behalwe, as daar byvoorbeeld videos is... sê nou maar 'n preek en ek kan dit volg... dit sal help dat ek deel voel.

V. Taal. Die gemeenteblyd. Moet dit Afrikaans wees of eerder Engels? Wat sal jy verkies?

A. Nee... Afrikaans. Ons is 'n Afrikaanse kerk. Ja, dit sal nice wees as ons 5000 likes het op ons page, en dan oor alle grense heen, maar wat gaan dit help. Dis nie waarvoor die page daar is nie. Hy daar om met die mense van die gemeente ... en dalk Bloemfontein... te skakel. Dit moet met die gemeentelid of met potensiele gemeentelid praat.

V. Ons gaan nie meer mense bereik as die page dalk in Engels is nie?

A. Nee ek glo nie, want ek dink ons gaan die mense vir hy aanvanklik bedoel was, dan mis. En daar gaan nie skielik 'n klomp Engelse mense inskakel by die gemeente, net omdat daar nou 'n Engelse page is nie. Hulle gaan by hulle kerk se page inskakel.

V. My laaste vraag is nie eintlik 'n vraag nie. Enige opmerking wat jy wil maak oor Facebook en die kerk.

A. Nee. Ek dink dalk net die gedagte van weekliks 'n video opsit van die preek. Maar aan die ander kant is dit ook nog onpersoonlik, want die dominee praat nie met die persoon ander kant die skerm nie – hy praat eintlik met die mense wat die Sondag voor hom in die kerk sit. Jy moet eerder 'n spesiale opname maak van 'n persoon wat direk met die kyker praat.

6 O6.rtf

Text document, 14 quotations

V. Hoe gereeld besoek jy Facebook?

A. Omtrent so op 'n daaglikse basis.

V. En hoe het jy die gemeente se Facebook ontdek?

A. Ek dink die eerste keer is ek getag op 'n foto of iets en toe het ek daar gaan kyk.

V. En hoe het jy die blad ervaar toe jy dit die eerste keer besoek?

A. Dit was heel goed gewees vir my...maar soos baie ander plekke of gemeentes se pages, waar hulle foto's post en laat weet wat gaan byvoorbeeld die Sondag aan en mens so betrek.

V. Het dit jou enigsins iets laat ervaar dat jy deel is van die gemeente?

A. Ja, ek dink dit het. Juis omdat hulle jou iets laat deel in wat gebeur het as jy nie daar was nie, of as jy daar was, jou tag, sodat jy dit weer kan onthou.

V. Wat sal jy sê: Hoekom gebruik jy Facebook, wat is dit wat jy op Facebook soek?

A. Ek hou nogal van prentjies en foto's, en daar moet 'n beskrywing wees. Ek wil inligting hê, ek wil weet wat gaan aan op die blad, wie is hulle, waarvoor staan hulle en wat ek hier sal kan vind.

V. Jy het nou die woord: inligting gebruik. As jy moet kies, wat sal jy sê: Soek jy inligting of wil jy eerder sosialiseer met ander mense?

A. Met 'n Facebook blad van 'n besigheid of soos 'n gemeente hou en nogal daarvan om inligting te kry. Ek self post nie baie nie, maar ek hou daarvan om te volg en te sien wat aangaan – prentjies.

V. Wat sou jy graag op 'n gemeente se Facebook blad wil sien?

A. Watter gemeente is dit, soos bv NG, Baptiste, ens. Waarvoor staan hulle en wat doen hulle in die gemeente, soos watter funksies is daar. Watter groepe kan jy van deel word.

V. En sou jy graag interaktief met ander daar in gesprekke wou tree, of net die inligting kry en weer gaan?

A. Soos ek gesê het, ek post nie graag nie, maar dis nogal lekker om sê maar met iemand in kontak te kom in die gemeente en dan by hulle die antwoorde te kry.

V. Sou jy verkies dat die blad in Afrikaans of Engels is?

A. Dit maak nie vir my rêrig saak nie. My klasse is meestal in Engels, so ek gee nie om wat die taal is nie.

V. Enige ander raad of wenk wat jy het.

A. Ek weet nie eintlik nie Miskien net meer mense betrokke kry, sodat daar meer is wat saam gesels en deel wat aangaan.

BYLAAG E – PERSOONLIKE ONDERHOUDE KODEBOEK

Project: LeonOnderhoude

Report created by Leon Oosthuizen on 10/10/2021

Code Report

All (52) codes

○ Admin

0 Quotations

0 Codes

○ Assosiasie

2 Quotations:

1:9 ¶ 10 in O1.txt

Ek assosieer nog met Langenhovenpark, omdat ek lank daar gebly het en ek het nogal positiewe gevoelens oor Langenhovenpark se NG Kerk

1:26 ¶ 8 in O1.txt

Langenhovenpark was, en Hospitaalpark (haar tuisgemeente in RSA) het nie een nie en Pellisier het ook een

0 Codes

○ Bedenkinge oor Sosiale Media

6 Quotations:

2:4 ¶ 4 in O2.rtf

Ek forward niks nie. Ek haat dit om te share.

2:14 ¶ 18 in O2.rtf

versigtig vir die internet

2:24 ¶ 25 in O2.rtf

FB is sosiale media en die twee moet nie gemeng word nie. Dis social media – dit gaan oor kontak met vriende.

3:5 ¶ 4 in O3.rtf

Ek hou nie daarvan nie – 'n mens hoor deesdae ook soveel goed op die nuus oor wat mense gesê het op FB – wat dan net probleme veroorsaak

4:14 ¶ 25 in O4.rtf

Kyk, die rede waarom ek nie so gereeld op FB is nie, het te make met my eerste ervarings van FB met mense wat overboard gegaan het.

4:15 ¶ 25 in O4.rtf

moeilikheid kom oor goed wat hulle op FB gesit het

0 Codes

○ Behoefte aan behoort

9 Quotations:

1:11 ¶ 11 – 12 in O1.txt

As jy weer terugkeer – jy is fisies weer in 'n geografiese gemeente, sal jy nog steeds behoefte hê om op sosiale media, op FB van daai gemeente aktief te wees, of sal jy voel – ek is nou fisies hier, ek het dit nie meer nodig nie?

A: Uhm... Nee, ek dink nie spesifiek so nie

1:16 ¶ 17 – 18 in O1.txt

Het jy enigsins 'n behoefte gehad om iewers 'n kerk of erediens by te woon?

A: Ja ...

1:22 ¶ 18 in O1.txt

Ek kan dus nie sien hoekom 'n kerk nie via FB of What-app vir jou iets in jou taal kan doen nie.

1:27 ¶ 10 in O1.txt

en ons gaan nogal soontoe as ons hier is, alhoewel ons eintlik aan Hospitaalpark se gemeente behoort. Ek kry die gevoel... al sit ek daar vêr ... weet ek wat hier aangaan

1:28 ¶ 12 in O1.txt

So ek sal waarskynlik as ek hier is, baie minder op FB wees. Want hier is baie dinge, ons gaan uit, ons gaan na vriende toe, ek ry rond. Daar ry ek nie rond nie.

2:12 ¶ 14 in O2.rtf

lang diens... So ja, daar was 'n behoefte.

3:22 ¶ 22 in O3.rtf

Al kon ek nie self daar wees nie, laat dit jou tog ervaar dat jy deel is.

3:26 ¶ 12 in O3.rtf

groet die mense in die blok waar jy gewoonlik sit en 'n mens praat so bietjie oor en weer... ek mis dit

4:1 ¶ 4 in O4.rtf

Die hoofrede waarom ek op FB kom, is maar om te sien wat die familie doen.

0 Codes

○ **Belang van geografies situasie**

1 Quotations:

2:28 ¶ 12 in O2.rtf

, maar dis nou maar selde...

0 Codes

○ **Bevorder koinonia**

15 Quotations:

1:27 ¶ 10 in O1.txt

en ons gaan nogal soontoe as ons hier is, alhoewel ons eintlik aan Hospitaalpark se gemeente behoort. Ek kry die gevoel... al sit ek daar vêr ... weet ek wat hier aangaan

1:28 ¶ 12 in O1.txt

So ek sal waarskynlik as ek hier is, baie minder op FB wees. Want hier is baie dinge, ons gaan uit, ons gaan na vriende toe, ek ry rond. Daar ry ek nie rond nie.

2:7 ¶ 6 in O2.rtf

'n connection... om te sien wat in die gemeente aangaan en insae te lewer

2:8 ¶ 8 in O2.rtf

goed om te sien wat in die gemeente aangaan

2:23 ¶ 24 in O2.rtf

dis lekker om by die dominee te hoor waaroor hulle gaan preek of wat by die mannebediening aangaan. Dit laat my ingelig en deel voel.

3:11 ¶ 12 in O3.rtf

s jy in kom in die kerk en jy groet die mense in die blok waar jy gewoonlik sit en 'n mens praat so bietjie oor en weer... ek mis dit

3:12 ¶ 13 – 14 in O3.rtf

As daai selfde ouens dit nou op FB kan doen, sou dit iets beteken?

A. Ja, ek dink so

3:22 ¶ 22 in O3.rtf

Al kon ek nie self daar wees nie, laat dit jou tog ervaar dat jy deel is.

4:4 ¶ 6 in O4.rtf

sosialisasie – dit gaan meer oor sosialisasie.

4:9 ¶ 15 – 16 in O4.rtf

Sê nou maar dit gebeur dat jou vir die volgende ses maande in die huis vasgekluiser is met siekte of jou baas stuur jou om elders in die buiteland aan 'n oudit te gaan werk... dink jy dat jy dan meer deur FB kontak met die gemeente sou probeer hou?

A. Nee – dan sou ek definitief baie meer van die rekenaar of FB gebruik wou maak om kontak te behou

4:10 ¶ 17 – 18 in O4.rtf

aat ervaar dat jy steeds deel is van die gemeente?

A. Ja, ek dink definitief so, want jy gaan...

5:11 ¶ 19 in O5.rtf

Ek hou maar van mense... maar ja, tot 'n mate, want ek sal kan sien wat aangaan, maar ek weet nie of ek sal kan deel voel nie.

6:6 ¶ 7 – 8 in O6.rtf

Het dit jou enigsins iets laat ervaar dat jy deel is van die gemeente?

A. Ja, ek dink dit het. Juis omdat hulle jou iets laat deel in wat gebeur het as jy nie daar was nie, of as jy daar was, jou tag, sodat jy dit weer kan onthou

6:11 ¶ 14 in O6.rtf

Watter groepe kan jy van deel word.

6:12 ¶ 16 in O6.rtf

dis nogal lekker om sê maar met iemand in kontak te kom

0 Codes

○ Bevorder nie koinonia

2 Quotations:

2:29 ¶ 15 – 16 in O2.rtf

As 'n mens op FB iets sou kon aanbied, wat jou laat voel jy is rerig in 'n kerk – so dit vir jou iets kon beteken?

A. Nee....

5:11 ¶ 19 in O5.rtf

Ek hou maar van mense... maar ja, tot 'n mate, want ek sal kan sien wat aangaan, maar ek weet nie of ek sal kan deel voel nie.

0 Codes

Bewusmaking

2 Quotations:

1:13 ¶ 12 in O1.txt

bewus te maak van hulself

6:5 ¶ 6 in O6.rtf

laat weet wat gaan byvoorbeeld die Sondag aan en mens so betrek.

0 Codes

Deelname

1 Quotations:

2:27 ¶ 8 in O2.rtf

gemeente aktiwiteite

0 Codes

Deurlopende kontak

0 Quotations

0 Codes

Engels

1 Quotations:

5:16 ¶ 23 in O5.rtf

ek dink ons gaan die mense vir hy aanvanklik bedoel was, dan mis

0 Codes

Facebook is voorkeur

1 Quotations:

5:3 ¶ 6 in O5.rtf

My voorkeur is definitief FB

0 Codes

○ Familie

2 Quotations:

1:6 ¶ 6 in O1.txt

vir my familie

3:23 ¶ 4 in O3.rtf

familie

0 Codes

○ Fisies afgesonderd

1 Quotations:

3:9 ¶ 10 in O3.rtf

min in die kerk

0 Codes

○ Fotos

5 Quotations:

1:2 ¶ 4 in O1.txt

fotos

5:7 ¶ 8 in O5.rtf

na fotos, na albums

6:3 ¶ 4 in O6.rtf

eerste keer is ek getag op 'n foto of iets en toe het ek daar gaan kyk

6:4 ¶ 6 in O6.rtf

foto's post

6:7 ¶ 10 in O6.rtf

Ek hou nogal van prentjies en foto's

0 Codes

Frekwensie

1 Quotations:

2:21 ¶ 24 in O2.rtf

nie werklik so aktief op FB nie

0 Codes

Gemak

1 Quotations:

4:7 ¶ 12 in O4.rtf

En ek kan daar inligting kry, makliker as op ander plekke

0 Codes

Gemorspos

0 Quotations

0 Codes

Geografies plaaslik

1 Quotations:

3:7 ¶ 6 in O3.rtf

naby

0 Codes

Geografies verwyderd

4 Quotations:

1:24 ¶ 6 in O1.txt

Saudi

2:6 ¶ 5 in O2.rtf

in Afrika

3:9 ¶ 10 in O3.rtf

min in die kerk

4:9 ¶ 15 – 16 in O4.rtf

Sê nou maar dit gebeur dat jou vir die volgende ses maande in die huis vasgekluiser is met siekte of jou baas stuur jou om elders in die buiteland aan 'n oudit te gaan werk... dink jy dat jy dan meer deur FB kontak met die gemeente sou probeer hou?

A. Nee – dan sou ek definitief baie meer van die rekenaar of FB gebruik wou maak om kontak te behou

0 Codes

Gereelde verbruiker

4 Quotations:

1:1 ¶ 4 in O1.txt

ten minste een keer per dag

2:1 ¶ 2 in O2.rtf

soggens

5:2 ¶ 4 in O5.rtf

meestal daaglik

6:2 ¶ 2 in O6.rtf

op 'n daaglikse basis.

0 Codes

Gesprek

1 Quotations:

3:15 ¶ 14 in O3.rtf

gesprek

0 Codes

Goedkoop

0 Quotations

0 Codes

○ **Het nie behoefte aan koinonia**

0 Quotations

0 Codes

